

Saterdag 1 Oktober

Skrifgedeelte: Deuteronomium 6:1-25 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Deuteronomium 6:5

“Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag ...”

Die mens wil so graag weet ... *Wat moet ek doen om die Here tevrede te stel?*” Dan sien ons dikwels hoe die “daders van die woord” elk ’n eie gedagte het van goeie werke om hulle geloof te vertoon en die Here te behaag. Die een sê jy moet dít doen, die ander sê jy moet dát doen – so asof die mens met sy daade God kan beïndruk en sy aandag kan trek.

So sien ons in die 21ste eeu hoe “godsdienste” dikwels ’n geleentheid, ’n opmars na ’n samekoms of ’n byeenkoms word. ’n “*Event*” wat ten alle koste bygewoon moet word! Heel dikwels kry die “groot” predikers en evangeliste van ons tyd soveel aanhang wanneer duisende mense saamtrek om te antwoord op die vraag: *Wat moet ek doen om die Here tevrede te stel?*

In ons fokusgedeelte is God baie duidelik oor wat Hy eintlik van ons verwag! Ons moet Hom liefhê met hart en siel en verstand, dit is immers die grootste gebod (Matt. 22:36, 37). Die gebruik van die woorde *hart* en *siel* en *verstand* beteken dat my hele wese en my ganse lewe en my totale menswees by hierdie opdrag betrek word. Al my gedagtes en my woorde en my daade behoort *God-gerig* te wees, want ware geloof is immers nie ’n gebeurtenis (*event*) nie, maar ’n leefwyse.

Jesus Christus word daarom nie alleen ons volmaakte voorbeeld van ’n *God-gerigte* lewe nie, deurdat Hy sy hele lewe wy, van sy geboorte tot by die kruis, aan die wil van sy hemelse Vader, maar Hy stuur ook sy Gees na ons om deur sy herskeppende werk in ons, ons in staat te stel om *God-gerig* te lewe. Hy maak ons immers gewillig en bereid om vir God te leef (HK, Sondag 1).

So word my hele lewe ’n reaksie van liefde vir God uit my hart en siel, met al my krag. ’n Liefdevolle, dankbare lewe wat God behaag!

Sing: Psalm 9:1, 7, 10 (1936)

Ds. OJ (Ockie) Struwig (Frankfort)